Vol. 658 1 April / April 2020 No. 43194

Contents

No.		Gazette No.	Page No.
	GOVERNMENT NOTICES • GOEWERMENTSKENNISGEWINGS		
Auditor-General of South Africa/ Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika			
443	Public Audit Act (25/2004): Audit Fees Regulations	43194	3
443	Wet op Openbare Oudit (25/2004): Regulasies op Ouditfooie	43194	7

AUDITOR-GENERAL OF SOUTH AFRICA

NO. 443 **01 APRIL 2020**

Public Audit Act, 2004 (Act No. 25 of 2004):

Audit Fees Regulations

I, Thembekile Makwetu, Auditor-General of South Africa, in terms of section 52(1) of the Public Audit Act, 2004 (Act No. 25 of 2004), read together with sections 13 and 23 of the Act, do hereby make the regulations set out in the schedule hereto.

SCHEDULE

Table of contents

Regulations

1. Short title
2. Definitions
3. Process to consult National Treasury on basis for determination of audit fees and on frequency, nature and scope of audits
4. Notification of treasury by Auditor-General on default by auditee to pay audit fees
5. Submission by Auditor-General on treasury's proposed directive to defray audit fees from budget
6. Notification of Auditor-General by National Treasury on auditee experiencing financial difficulty to pay audit fee excess
7. Publication of agreement

Short title

1. These regulations are the Audit Fees Regulations.

Definitions

2. In these regulations, unless the context indicates otherwise, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Public Audit Act, 2004 (Act No. 25 of 2004) has the same meaning, and –

"**Act**" means the Public Audit Act, 2004; and

"**in writing**" includes any electronic means recognised by the Electronic Communications and Transactions Act, 2002 (Act No. 25 of 2002).

Process to consult National Treasury on the frequency, nature and scope of audits and the basis for determination of audit fees

3. (1) The Auditor-General must, in accordance with subregulations (2) and (3) –

(a) in respect of the frequency, nature and scope of audits referred to in section 11 of the Act, annually by the first day of July; and

(b) in respect of the basis for the calculation of audit fees to be recovered from auditees in respect of audits referred to in section 11 of the Act, whenever he or she deems it necessary,

invite the National Treasury to make submissions to him or her for purposes of the financial year commencing on 1 April of the subsequent year.

(2) For purposes of the matters contemplated in subregulation (1)(a), the Auditor-General must provide the National Treasury with relevant information, which may include –

(a) information on the frequency, nature and scope of audits referred to in section 11 of the Act he or she proposes to determine;

(b) information on the different categories of audits the Auditor-General proposes to determine for purposes of section 13(3)(a) of the Act, if any;

(c) information on any specific directives the Auditor-General proposes to issue in respect of any specific case for purposes of section 13(3)(b) of the Act, if any;

(d) the list of auditees, identified by the Auditor-General in accordance with section 23(6) of the Act, whose audit fee exceeds one percent of the total current and capital expenditure of such auditee for the relevant financial year;

(e) the Auditor-General's views in respect of an auditee's ability to settle its audit fees;

(f) the motivation underlying the Auditor-General's proposed determinations.

(3) For purposes of the matters contemplated in subregulation (1)(b), the Auditor-General must provide the National Treasury with relevant information, including a draft of the document detailing the basis for the calculation of audit fees to be recovered from auditees in respect of audits referred to in section 11 of the Act.

(4) The National Treasury must provide its submission, if any, to the Auditor-General –

(a) in respect of the matters contemplated in subregulation (1)(a), by the first day of every August;

(b) in respect of the matters contemplated in subregulation (1)(b), by the date stipulated by the Auditor-General.

(5) In the event that the National Treasury has not provided any submission as contemplated in subregulation (4), the Auditor-General must proceed with his or her determination on the basis that the National Treasury has no objection to the proposed determination.

(6) The Auditor-General may only consult the oversight mechanism, as contemplated in sections 13(1) and 23(1) of the Act, after completion of the process contemplated in this regulation.

Notification of treasury by Auditor-General on default by auditee to pay audit fees

4. The Auditor-General must when an auditee fails to pay the full amount of the audit fees determined by the Auditor-General by the date determined by the Auditor-General, in writing and within 30 days of that auditee failing to pay such amount inform the National Treasury in writing and, when applicable, the relevant provincial treasury, thereof and provide the National Treasury and the relevant provincial treasury with any information relevant to the matter.

Submission by Auditor-General on treasury's proposed directive to defray audit fees from budget

5.(1) If the National Treasury or the relevant provincial treasury, as the case may be, is in accordance with section 23(5) of the Act considering the desirability of directing that audit fees recoverable from an auditee, other than a national or provincial department, must be defrayed from a vote on the national or a provincial budget, that treasury must prior to issuing such a directive—

(*a*) provide the Auditor-General with relevant information; and

(*b*) invite the Auditor-General to make submissions on the desirability of issuing such a directive.

(2) In the event that the Auditor-General has not provided any submission as contemplated in paragraph (b) of subregulation (1), the relevant treasury may proceed with its consideration of a directive on the basis that the Auditor-General has no objection to the proposed determination.

(3) In the event that a treasury issues a directive that the audit fees in question must be defrayed from a vote on the national or a provincial budget, that treasury must forthwith in writing inform the Auditor-General and the auditee of that decision.

(4) In the event that a provincial treasury issues a directive that the audit fees in question must be defrayed from a vote in a provincial budget, that treasury must forthwith in writing inform the National Treasury and the auditee of that decision.

Notification of Auditor-General by National Treasury on auditee experiencing financial difficulty to pay audit fee excess

6. In the event that the audit fee of an auditee, other than a department as defined in section 1 of the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999), exceeds one percent of the total current and capital expenditure of such auditee for the relevant financial year, and the National Treasury –

(a) was consulted by the Auditor-General as contemplated in subsection 23(6)(b)(i) of the Act; and

(b) is of the opinion that the auditee has financial difficulty to pay such excess,

the National Treasury must at least one month prior to the commencement of a financial year of that auditee in writing inform the Auditor-General of its opinion in respect of that auditee.

Publication of agreement

7. The Auditor-General must forthwith after –

(a) the conclusion of an agreement as contemplated in section 23(7)(a) of the Act on the annual date of consultation, the determination of criteria to be applied to determine whether an auditee has financial difficulty and the approval of the process to determine an estimate of the funds required as a direct charge for audit fees; or

(b) the determination made by the oversight mechanism as contemplated in section 23(7)(b) of the Act,

publish such agreement, determination or approval, or any subsequent amendment thereof, for general information in the *Gazette*.

OUDITEUR-GENERAAL VAN SUID-AFRIKA

NO. 443 **01 APRIL 2020**

Wet op Openbare Oudit, 2004 (Wet No. 25 van 2004):

Regulasies op Ouditfooie

Ek, Thembekile Makwetu, Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika, het ingevolge artikel 52(1) van die Wet op Openbare Oudit, 2004 (Wet No. 25 van 2004), saamgelees met artikels 13 en 23 van die Wet, die regulasies uitgevaardig wat in die bylae uiteengesit is.

BYLAE

Inhoudsopgawe

Regulasies

1. Kort titel
2. Woordomskrywings
3. Proses om met Nasionale Tesourie te beraadslaag oor basis vir vasstelling van ouditfooie asook oor frekwensie, aard en omvang van oudits
4. Kennisgewing aan Nasionale Tesourie deur Ouditeur-Generaal oor wanbesteding van ouditfooie deur geouditeerde
5. Voorlegging deur Ouditeur-Generaal op tesourie se voorgestelde direktief om ouditfooie vanaf begroting te bestry
6. Kennisgewing aan Ouditeur-Generaal deur Nasionale Tesourie ten opsigte van geouditeerde wat finansiële engte ondervind om ouditfooi-oorskot te betaal
7. Publikasie van ooreenkoms

Kort titel

1. Hierdie regulasies is die Regulasies oor Ouditfooie.

Woordomskrywings

2. In hierdie regulasies het 'n woord waaraan 'n betekenis in die Wet op Openbare Oudit, 2004 (Wet No. 25 van 2004) geheg word, daardie betekenis, en tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

"**skriftelik**" sluit enige elektroniese middele in wat deur die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 2002 (Wet No. 25 van 2002) gemagtig word, en "geskrewe" het 'n soortgelyke betekenis; en

"**Wet**" die Wet op Openbare Oudit, 2004.

Proses om met Nasionale Tesourie te beraadslaag oor basis vir vasstelling van ouditfooie asook oor frekwensie, aard en omvang van oudits

3. (1) Die Ouditeur-Generaal moet ingevolge subregulasies (2) en (3) die Nasionale Tesourie uitnooi om aan hom of haar voorleggings ten opsigte van die finansiële jaar beginnende op 1 April van die volgende jaar te maak –

(a) met betrekking tot die frekwensie, aard en omvang van oudits waarna in artikel 11 van die Wet verwys word, jaarliks teen die eerste dag van Julie; en

(b) wanneer hy of sy dit nodig mag ag, met betrekking tot die basis vir die berekening van ouditfooie wat van geouditeerdes ten opsigte van oudits waarna in artikel 11 van die Wet verwys word, verhaal moet word.

(2) Vir doeleindes van die aangeleenthede in subregulasie (1)(a) beoog, moet die Ouditeur-Generaal die Nasionale Tesourie van tersaaklike inligting voorsien, wat die volgende kan insluit:

(a) inligting aangaande die frekwensie, aard en omvang van oudits waarna in artikel 11 van die Wet verwys word wat hy of sy beoog om te bepaal;

(b) inligting aangaande die verskillende kategorieë van oudits wat die Ouditeur-Generaal beoog om vir doeleindes van artikel 13(3)(a) van die Wet te bepaal, indien enige;

(c) inligting aangaande enige spesifieke direktiewe wat die Ouditeur-Generaal beoog om ten opsigte van enige spesifieke aangeleentheid vir doeleindes van artikel 13(3)(b) van die Wet, uit te vaardig, indien enige;

(d) die lys van geouditeerdes, deur die Ouditeur-Generaal ingevolge artikel 23(6) van die Wet geïdentifiseer, wie se ouditfooi een persent van die totale lopende en kapitale besteding van sodanige geouditeerde vir die tersaaklike finansiële jaar oorskry;

(e) die Ouditeur-Generaal se mening ten opsigte van 'n geouditeerde se vermoë om sy ouditfooie te vereffen;

(f) die motivering onderliggend aan die Ouditeur-Generaal se voorgestelde vasstellings.

(3) Vir doeleindes van die aangeleenthede beoog in subregulasie (1)(b), moet die Ouditeur-Generaal die Nasionale Tesourie van toepaslike inligting voorsien, insluitende 'n konsep van die dokument waarin besonderhede verstrek word van die basis vir die berekening van ouditfooie wat verhaal moet word van geouditeerdes, ten opsigte van oudits waarna in artikel 11 van die Wet verwys word.

(4) Die Nasionale Tesourie moet sy voorlegging, indien enige, aan die Ouditeur-Generaal maak –

(a) ten opsigte van die aangeleenthede beoog in subregulasie (1)(a), teen die eerste dag van elke Augustus;

(b) ten opsigte van die aangeleenthede beoog in subregulasie (1)(b), teen die datum deur die Ouditeur-Generaal bepaal.

(5) Indien die Nasionale Tesourie geen voorlegging soos beoog in subregulasie (4) gemaak het nie, moet die Ouditeur-Generaal met sy of haar vasstelling voortgaan op die basis dat die Nasionale Tesourie geen beswaar teen die voorgestelde vasstelling het nie.

(6) Die Ouditeur-Generaal kan slegs beraadslaag met die toesighoudingsmeganisme, soos beoog in artikels 13(1) en 23(1) van die Wet, na voltooiing van die proses beoog in hierdie regulasie.

Kennisgewing aan Nasionale Tesourie deur Ouditeur-Generaal oor wanbetaling van ouditfooie deur geouditeerde

4. Die Ouditeur-Generaal moet, as 'n geouditeerde versuim om die volle bedrag van die ouditfooie wat deur die Ouditeur-Generaal vasgestel is teen die datum vasgestel deur die Ouditeur-Generaal te betaal, binne 30 dae nadat daardie geouditeerde versuim het om sodanige bedrag te betaal, die Nasionale Tesourie skriftelik van sodanige bedrag in kennis stel, en indien van toepassing, ook die tersaaklike provinsiale tesourie, en die Nasionale Tesourie en die betrokke provinsiale tesourie van enige toepaslike inligting ten opsigte van die aangeleentheid voorsien.

Voorlegging deur Ouditeur-Generaal op tesourie se voorgestelde direktief om ouditfooie vanaf begroting te bestry

5.(1) Indien die Nasionale Tesourie of die tersaaklike provinsiale tesourie, na gelang van die geval, ooreenkomstig artikel 23(5) van die Wet die wenslikheid oorweeg om te gelas dat die ouditfooie verhaalbaar van 'n geouditeerde, anders as 'n nasionale of provinsiale departement, op 'n begrotingspos in die nasionale of provinsiale begroting verhaal moet word, moet daardie tesourie voor uitreiking van so 'n direktief —

(a) die Ouditeur-Generaal van toepaslike inligting voorsien; en

(*b*) die Ouditeur-Generaal uitnooi om voorleggings aangaande die wenslikheid om sodanige direktief uit te reik, te maak.

(2) In die geval dat die Ouditeur-Generaal nie enige voorlegging soos beoog in paragraaf (b) van subregulasie (1) gemaak het nie, kan die tersaaklike tesourie voortgaan met sy oorweging van 'n direktief op die basis dat die Ouditeur-Generaal geen beswaar teen die voorgestelde vasstelling het nie.

(3) In die geval dat 'n tesourie 'n direktief uitreik tot dien effekte dat die betrokke ouditfooie teen 'n begrotingspos in die nasionale of 'n provinsiale begroting bestry moet word, moet daardie tesourie die Ouditeur-Generaal en die geouditeerde onverwyld skriftelik van daardie besluit in kennis stel.

(4) Indien 'n provinsiale tesourie 'n direktief uitreik dat die betrokke ouditfooie teen 'n begrotingspos in 'n provinsiale begroting bestry moet word, moet daardie tesourie onverwyld skriftelik die Nasionale Tesourie en die geouditeerde van daardie besluit in kennis stel.

Kennisgewing aan Ouditeur-Generaal deur Nasionale Tesourie ten opsigte van geouditeerde wat finansiële engte ondervind om ouditfooi-oorskot te betaal

6. Indien die ouditfooi van 'n geouditeerde, anders as 'n departement soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), een persent van die totale lopende en kapitale besteding van sodanige geouditeerde vir die tersaaklike finansiële jaar oorskry, en die Nasionale Tesourie –

(a) deur die Ouditeur-Generaal soos beoog in subartikel 23(6)(b)(i) van die Wet geraadpleeg is; en

(b) van mening is dat die geouditeerde finansiële engte ondervind om sodanige oorskot te betaal,

moet die Nasionale Tesourie ten minste een maand voor die aanvang van 'n finansiële jaar van daardie geouditeerde die Ouditeur-Generaal skriftelik van sy mening ten opsigte van daardie geouditeerde in kennis stel.

Publikasie van ooreenkoms

7. Die Ouditeur-Generaal moet onverwyld na –

(a) die sluiting van 'n ooreenkoms soos beoog in artikel 23(7)(a) van die Wet ten opsigte van die jaarlikse datum van raadpleging, die vasstelling van kriteria wat toegepas staan te word om te bepaal of 'n geouditeerde finansiële engte ondervind asook die goedkeuring van die proses om 'n skatting van die fondse wat vereis word as 'n regstreekse las vir ouditfooie te bepaal; of

(b) die vasstelling deur die toesighoudingsmeganisme gemaak soos beoog in artikel 23(7)(b) van die Wet,

sodanige ooreenkoms, vasstelling of goedkeuring, of enige daaropvolgende wysiging daarvan, vir algemene inligting in die Staatskoerant publiseer.